



17 Julie 2020

ALGEMENE NUUSBRIEF

1. LIEF EN LEED

Dit is met leedwese dat ons verneem het van die afsterwe van een van ons Beheerliggaamslede, mnr. Alex de Kock. Die Wonnies dink aan me. De Kock, Xander en Carolyn in hierdie hartseer tyd. Baie dankie ook vir die harde werk, toegeneentheid teenoor kinders en ondersteuning wat Alex al die jare aan die skool gebied het.



2. BRAND BY DIE SKOOL

Op 16 Julie het daar 'n brand in die Gasvryheidstudieklas ontstaan. Met die hulp van die brandweer en metro-polisie is die brand egter beperk tot slegs dié losstaande klas, sowel as die klerebank. Ons is baie dankbaar dat leerders nie meer by die skool was nie en daar geen beserings is nie. Dié Gasvryheidslokaal sowel as die klerebank is egter totaal en al vernietig.

Ons is egter nou in die middel van die winter en daar is steeds 'n groot behoefte by leerders vir skoolklere. Indien enige ouer dalk skenkings vir skoolklere het, wil ons u vra om dit na die skool te bring. Ons wil poog om so gou as moontlik weer ons klerebank op te bou ten einde aan die behoefte te voorsien. Baie dankie dat ons ook hier kan vra vir u voortgesette ondersteuning.

3. TUISSTUDIE

Daar is steeds ouers wat die aanvanklike gebruik van Google Classroom om skool te gee d.m.v. aanbiedings/powerpoints ens. verwar met tuisstudie.

Tuisstudie is wanneer 'n leerder nie meer 'n ingeskrewe leerder van die skool is nie, en dus by 'n ander instansie registreer om hul akademiese jaar te voltooi. Dit beteken die ouer haal die leerder uit die skool en verskuif die leerder, nadat die ouer toestemming by die Departement van Onderwys gekry het, na 'n geregistreerde tuisstudie-instansie. Geen leerder kan ingeskryf wees in Die Hoërskool Wonderboom nie en tuisstudie doen nie. Indien u kind in Graad 10-11 is en nog nie teruggekeer het skool toe nie, moet u asseblief die skool dringend skakel sodat ons bewus is van wat die situasie is en weet of ons die leerder van die skool se sisteem moet verwyder of nie.

Sodra die Graad 8- en 9-leerders terugkeer skool toe, sal dieselfde reëlings geld.

4. LEERERS IN ISOLASIE

Volgens die Departement van Onderwys se riglyne "Standard Operating Procedures" vir die hantering van die Coronavirus moet enige onderwyser of leerder wat direkte kontak met 'n bevestigde positiewe Covid-19 geval gehad het, selfsoleer vir 14 dae. Daar is egter baie verwarring rakende wat presies "direkte kontak" is.

Volgens die Departement van Gesondheid is "direkte kontak" wanneer die afstand tussen die persone minder as 1m was vir 'n tyd van 15minute of meer, of wanneer 'n masker nie gedra is nie. Volgens hierdie riglyne moet leerders dus isoleer.

Indien leerders in isolasie is, geld dieselfde beginsels as in die verlede wanneer 'n leerder afwesig van die skool af is. Die leerder moet asseblief poog om by maats die werk te bekom en sodoende op datum bly. Omdat ons besef dat hierdie nie normale omstandighede of afwesighede is nie, sal die personeel ook 'n opsomming van die werk wat in die klas hanteer is, op Google Classroom plaas. Ons wil werklik vra dat die leerders op datum bly met hul akademiese werk, selfs al is hul in isolasie.

5. SKOOLGELD

Skoolgelde is steeds betaalbaar voor die 7de van elke maand. Die skool het nuwe finansiële uitdagings weens die Covid-19 gehad wat insluit die aankope van elektroniese apparaat, saniteermiddels, maskers en groter kwaliteit internettoegang, sodat elke Wonnies (die wat reeds terug is by die skool in Graad 10-12 en die wat aanlyn klasse ontvang in Graad 8-9) steeds kwaliteit onderrig kan ontvang. Daar is ook 'n groot hoeveelheid Beheerliggaampersoneel wat maandeliks salaris moet ontvang. Ons vra u dus weer om u verantwoordelikheid rakende skoolgelde na te kom.

As skool voel ons egter baie geseën. Ons is dankbaar vir die feit dat die Here so goed sorg vir ons skool te midde van al die uitdagings wat daar is. Dankie ook aan elke ouer wat die skool daaglik ondersteun. Ons waardeer dit opreg.

Wonnies-groete



M LEZAR
SKOOLHOOF